# KINDERKERK LES: Paasfees 4

**Doel van les:**

Ons doen 'n aasjag met 'n Paasfees tema.

**Inleiding:**

Vandag gaan ons bietjie oor Paasfees gesels, en kyk hoeveel julle daarvan weet. Wanneer jy Paasfeestyd in die winkels kom, wat sien jy orals? Dis reg, paaseiers! Voordat ons by die les kom, kom ons speel gou met 'n regte eier!

**Speletjie 1: Eier staan:** Gee vir elke groep twee rou eiers, twee glase met water in en sout. In die een glas word ongeveer 8 teelepels sout gegooi, en in die ander glas geen sout nie. Sit nou 'n eier in elke glas en kyk wat gebeur met die twee eiers.

Sjoe, hoe awesome is dit nie! Sout, laat die eier in die water dryf. 'n Eier laat ons dink aan nuwe lewe, want as die mamma hen lank genoeg op die eier gaan sit, nadat sy dit gelê het, gaan daar 'n kuikentjie uitbroei – nuwe lewe. So het dit wat Jesus vir ons met Paasfees kom doen het, ook vir ONS nuwe lewe kom bring.

**Opdrag 1: Aasjag:**

Deel die groot groep in kleiner, werkbare groepe op. Elke groep kry 'n leier en 'n lysie met goed wat hulle vir die aasjag moet gaan soek. Die idee van hierdie aasjag is dat, indien moontlik, die kinders buitekant toe moet gaan en dit moet gaan soek. Indien jou opset nie geskik hiervoor is nie, bring jy die artikels saam, en steek dit op verskillende plekke in die vertrek weg.

**Opdrag 2: Bespreek**

Wanneer elke groep al hulle artikels gekry het, moet die groepleier saam met die kinders gaan sit, en bespreek hoe elkeen by die verhaal van Paasfees pas. Wanneer almal klaar is, en daar tyd oor is kan elke groep terugvoer gee, en wys wat hulle tydens die aasjag gekry het.

Sluit af met gebed in groepe.

# Aasjag lys:

## Instruksies:

Soek die volgende items en bespreek dat hoe elkeen by die Verhaal van Paasfees pas.

1. Soek iets wat swart is
2. Soek iets wat rooi is
3. Soek iets wat wit is
4. Soek iets wat silwer is
5. Soek twee stokkies
6. Soek 'n spyker
7. Soek 'n doring
8. Soek 'n klip
9. Soek iets wat leeg is
10. Soek iets wat soos 'n hart lyk

# Aasjag lys:

## Antwoorde:

1. **Swart** laat ons aan ons sondes dink.
2. **Rooi** laat ons aan Jesus se bloed dink wat vir ons gevloei het.
3. **Wit** laat ons daaraan dink dat Jesus se bloed ons skoonwas (wit) van ons sondes.
4. **Silwer** laat ons dink aan Judas wat Jesus verraai het vir geld.
5. Die **twee stokkies** laat ons dink aan die kruis waaraan Jesus gehang het.
6. Die **spyker** laat ons dink aan die aaklige spykers wat hulle in Jesus ingekap het.
7. Die **doring** laat ons dink aan die doringkroon wat hulle op Jesus se kop gesit het.
8. Die **klip** laat ons dink aan die klip wat hulle voor Jesus se rotsgraf gerol het.
9. Die graf is **leeg**, want Jesus het opgestaan.
10. Die **hart**:

    God het my lief dat Hy Jesus aan die kruis vir MY laat sterf het.

    Jesus het my so lief, dat Hy aan die kruis vir MY gesterf het.

    Ek kan vir God en Jesus dankie sê deur my hart vir Jesus te gee.